# Lewenslesse op die skoolterrein

Maar dit was nog net die begin. Want een Maandag sê Theo hy wil ons iets anders vertel, iets wat hy gehoor het. Daar was onrus in die gehoor, en byna opstand

Deur FREDERIK DE JAGER

**Dit het met aksie begin en met aksie geëindig. Die een was alles net ´n storie, die ander was die naakte werklikheid.**

Ons was drie maats op laerskool. Was ons die vaalseuns? Ons was vir seker nie gespierde sportsterre nie, maar ook nou weer nie een 'n bleek boekvraat met dik brilglase en die haarsny van 'n bysterling nie.

Oor Pieter het ek al hier geskryf, hoe ons in sy selfgeboude motorkar op die verkeerde tyd die onwelkome aandag van die polisie getrek het. En hoe hy vroeg ter siele is.

Terwyl Pieter die avonturier van berge en paaie en oseane was, was Theo dit in sy verbeelding. Hy was die leser van aksieverhale en die kyker van vinnige flieks. Dan kom vertel hy Maandag vir ons by die skool wat hy die naweek gesien het.

Theo het reg langs die skool by sy ouma gebly. Sy ma is by sy geboorte dood en so het dit gekom dat sy ouma sy grootmaakma geword het. Jy kon hom altyd deur 'n ring trek. Sy klere en sy tas, sy potloodboksie en sy toebroodjieblik, alles aan hom was duursaam en opgepas. Sy huis was stil, alle klank deur dik matte en swaar gordyne gedemp. Die donkerhoutmeubels was vakmanswerk.

Sy ouma was streng, maar vriendelik met seuns wat sy as maats vir haar Theo goedgekeur het. As jy daar kom, kry jy 'n glas koeldrank. Sy het hom aanbid, en hy het hom toegewy aan die taak om 'n goeie seun vir haar te wees. Hy het sy huiswerk gedoen. Sy sokkies was opgetrek. Sy skoolbaadjie sonder kreukels. Daar in die huis waar die lug versadig was aan naftaleen, het die pasgebore baba stilweg uitgegroei tot kleuter, tot opgeskote klong, tot adolessent.

Iewers moes daar tog 'n kraak wees, 'n afwyking, 'n vlek op so 'n vlekkelose gestalte. En daar was. Want nie net was Theo 'n eersteklas-storieverteller nie, maar ook 'n bloeddorstige een.

Maandae ná die naweek het hy die fliek oorvertel wat hy Saterdag in die Rialto gesien het, een van daardie moewiepaleise wat jy toe nog in dorpe gekry het. Theo kon die hele fliek onthou, tot in die kleinste besonderhede. Dan vertel hy, met paslike byklanke, van elke greep en wending, elke gesprek en vuisgeveg, elke hou wat geval het.

Die groepie seuns wat langpouse agter die musiekkamer vir die dag se skouspel versamel het, het algaande groter geword. Meegevoer het ons om hom gesit, gekoes vir die vuishoue, die tollende karre, die opslagkoeëls en rasende motorfietse. Dit was so goed of mens kyk self die rolprent. Nee, beter. Briljant soos hy kon vertel, het Theo die drama in die teater van jou gedagtes laat afspeel. Hy het die bloed voor jou geestesoog laat vloei, die meisies begeerlik van suiwer vleeslikheid laat sidder.

*Ek het smiddae huis toe gegaan, gloeiend van die geheime wat ek in my dra. Sekerlik weet niemand anders in die huis hiérdie goed nie?*

Maar dit was nog net die begin. Want een Maandag sê Theo hy wil ons iets anders vertel, iets wat hy gehoor het. Daar was onrus in die gehoor, en byna opstand. Nie almal is toegelaat om sulke rolprente soos Theo te sien nie. Tien teen een het sy ouma self nie geweet presies wat hy gaan kyk nie.

Nog minder sou sy weet wat die huishulp hom alles vertel. Want dit was van seks. Die seuns se klagtes oor die vergete flieks het onmiddellik opgehou toe ons hoor wat op vandag se program is. Ons was 12 jaar oud. In die wêreld waarin ons geleef het, het niemand toe al hiervan geweet nie.

En so het ons oor 'n paar weke, telkens die dag ná die huishulp by Theo-hulle gewerk het, agter die musiekkamer die mitiese, mistieke feite van die lewe gehoor. Die toerusting, die meganismes, die style … als. Van die gevoeltes tot die gevolge. Dit was sensasioneel, die grootste ontdekking in die geskiedenis. Ek het smiddae huis toe gegaan, gloeiend van die geheime wat ek in my dra. Sekerlik weet niemand anders in die huis hiérdie goed nie?

Ek sal nooit tussen ou meneer Taylor se musiekkamer aan die een kant van die straat en Theo-hulle se huis net oorkant deurry sonder om aan hom te dink nie. 'n Jaar of tien later het ek sy ouma besoek in die woonstel waar sy toe gewoon het. Donker en swak van die verdriet.

Ek was ook nog geskok. Die koerant oopgeslaan en daar het dit gestaan: Briljante student sterf in motorfietsongeluk. Theo was ongetwyfeld 'n versigtige bestuurder, maar ek sien hom op sy fiets in sy leerpak, sy rondomhelm. Elke duim 'n aksieheld.

Foto Jac Kritzinger